# Eldo-Gespreksgids

## Uniform

## Efesiërs 6 : 10-20

Paulus se brief aan die Efesiërs eindig met 'n sterk oproep: *"Soek julle krag in die Here en in sy groot mag"* (Ef. 6:10). Hierdie oproep het 'n besondere betekenis in die stad Efese. Die mense daar was gewoond aan okkultiese praktyke, astrologie en die aanbidding van die godin Artemis. Hulle het geglo dat hulle beskerming nodig gehad het teen bose geeste deur middel van amulette en rituele. Paulus wys egter op 'n ander werklikheid: Christus is reeds verhewe bo elke mag en gesag (Ef. 1:21), en dit is Hy wat gelowiges se ware beskerming bied.

Wanneer Paulus die beeld van die wapenrusting gebruik, dink hy nie aan fisiese oorlogvoering nie. Hy sê dit uitdruklik: ons stryd is nie teen mense nie, maar teen die geestelike magte wat die wêreld verwoes. Sy bedoeling is om die gelowiges se aandag weg te neem van Romeinse soldate en aardse vyande, en dit te rig op die groter stryd – die geloofsstryd. Hy roep hulle om vas te staan, nie deur eie krag nie, maar deur God se krag.

Hierdie oproep het 'n sosiale dimensie. Die gemeente in Efese was klein en weerloos teenoor die groot mag van die Romeinse ryk en die oorheersende heidense kultuur. Hulle kon maklik moed verloor of toegee aan die druk om soos die res te lewe. Paulus herinner hulle: hulle hoef nie bang te wees nie, want Christus heers oor alle magte. Daarom hoef hulle nie amulette of "lucky charms" te dra om beskerm te voel nie. Hulle hoef net vas te hou aan die Here.

Ook vandag is daar baie dinge wat ons geloof ondermyn: stemme wat die Christelike geloof belaglik maak, swaar tye wat ons moedeloos laat voel, en selfs persoonlike uitdagings soos siekte, gebroke verhoudings of selfs depressie. Paulus se woorde nooi ons uit om te besef dat ons nie alleen staan nie. Ons krag kom van God, en ons is deel van 'n groter geloofsgemeenskap wat saam hierdie stryd voer.

Belangrik is dat Paulus nie individue aanspreek nie, maar die hele gemeente. Die beeld van die wapenrusting is kollektief: *"sodat julle op julle pos kan bly."* Die kerk word dus geroep om saam standvastig te wees, om 'n baken van hoop, waarheid en vrede te wees in 'n wêreld vol onsekerheid en vrees.

## Gespreksvrae

- Hoe help dit ons verstaan van Efesiërs 6 wanneer ons die okkultiese en bygelowige wêreld van Efese in ag te neem?
- Paulus sê ons moet die wapenrusting van God aantrek. Wat beteken hierdie woorde van Paulus vir jou?
- Watter omstandighede of stemme in jou lewe maak dit moeilik om in jou geloof vas te staan?
- Paulus beklemtoon dat die hele gemeente saam moet volhard. Hoe kan ons as geloofsgemeenskap dit prakties uitleef?